

ONS VIER PINKSTER!



Handelinge 2

Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar.

Hnd 2:2 Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het.

Hnd 2:3 Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het.

Hnd 2:4 Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.

Hnd 2:5 Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon.

Hnd 2:6 Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie.

Hnd 2:7 Verras en verbaas sê hulle toe: “Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs.

Hnd 2:8 Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal?

Hnd 2:9 Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië,

Hnd 2:10 Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome,

Hnd 2:11 Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het.”

Hnd 2:12 Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: “Wat kan dit tog beteken?”

Hnd 2:13 Maar party het gespot en gesê: “Hulle is dronk.”

Hnd 2:14 Toe staan Petrus saam met die elf ander apostels op en onder leiding van die Heilige Gees spreek hy die mense toe: “Jode en julle almal wat in Jerusalem woon, ek moet vir julle verduidelik wat gebeur het. Luister na wat ek gaan sê:

Hnd 2:15 Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar nege-uur in die môre.

Hnd 2:16 Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het:

Hnd 2:17 Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom.

Hnd 2:18 Ja, op my dienaars en my dienaresses sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree.

Hnd 2:19 Ek sal tekens bo in die lug en wonders onder op die aarde gee: bloed en vuur en rookwolke.

Hnd 2:20 Die son sal pikdonker word en die maan bloedrooi voordat die groot en glorieryke dag van die Here kom.

Hnd 2:21 So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

Hnd 2:22 Israeliete, luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die kragtige dae, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan weet julle self.

Hnd 2:23 God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak.

Hnd 2:24 Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou. God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies. Hnd 2:33 Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor.

Ons vier pinksterfees! Ons dank God vir die Heilige Gees wat :

- 1 Vestig: In ons kom vestig het**
- 2 Verenig: Ons kom verenig as Sy kerk**
- 3 Verander: Ons lewens kom verander**
- 4 Verheerlik: Christus kom verheerlik**

Vraag: Watter verskil maak dit om te weet dat die Heilige Gees in jou woon ?